Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER

Augustus 2025



"Verlos tog u volk en seën u erfdeel; wees vir hulle ŉ herder en dra hulle vir altyd!"
PSALM 28:9

# AUGUSTUS

## KAMEROEN

**1 Augustus**

Prys God vandag vir ŉ vrouebediening wat meer as 500 vroue beïnvloed het. Die bediening het ontstaan uit opleiding in vervolgingsvoorbereiding wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote georganiseer is.

**2 Augustus**

Die vrouebediening is die resultaat van sewe vroue wat die opleiding bygewoon het en gewerk het om hul kerk te laat verstaan hoe noodsaaklik dit is om vir vervolging voor te berei. Bid vir seëninge oor hierdie vroue.

**3 Augustus**

Bid saam met Auristine, wat die vrouebediening lei. Die bediening het groepe in twaalf gemeenskappe gevestig. "Ek kan sien hoe die vroue vervuld en gereed is om vervolging in die gesig te staar," sê sy.

## EGIPTE

**4 Augustus**

Bid saam met Mariam, ŉ 18-jarige meisie wat in ŉ arm huis in ŉ krotbuurt woon waar Christene ernstige vervolging in die gesig staar. Mariam het as kind met haar selfbeeld gesukkel.

**5 Augustus**

Mariam het begin uitgaan met ŉ Moslem-man wat aan haar die aandag gegee het waarna sy gesmag het. Hy het haar mettertyd gemanipuleer en probeer beïnvloed om Islam aan te neem en met hom te trou. Bid vir haar genesing en herstel.

**6 Augustus**

Mariam het geen idee gehad dat sy die slagoffer geword het van ŉ taktiek van Islamitiese groepe om jong, kwesbare Christen-meisies te lok nie. Vra God om Mariam teen toekomstige gevare en druk te beskerm.

**7 Augustus**

Bid vir vrede en vertroosting vir alle kwesbare Christen-vroue regoor die wêreld. *Here, ons vra U om ons susters se toevlug en bron van hoop te wees.*

## NEPAL

**8 Augustus**

Bid vandag vurig saam met Tara*. Haar man, Ramesh*, het gedreig om van haar te skei as sy nie haar geloof verloën en ophou om kerk toe te gaan nie.

**9 Augustus**

Ramesh het probeer om Tara se Bybel te verbrand en het dit nou vir haar weggesteek. Hy het gedreig om haar uit die huis te gooi. Bid dat God vir Tara krag sal gee.

**10 Augustus**

Ramesh het Tara verbied om kerk toe te gaan en met ander Christene te assosieer. Bid vir bemoediging en vertroosting in Tara se emosionele en geestelike nood.


**Name verander weens veiligheidsredes.*



*Tara in Nepal*.*

**11 Augustus**

Bid dat Tara God se teenwoordigheid intiem sal ervaar in hierdie tyd van eensaamheid en bemoediging sal vind om geestelik te groei.

## NIGERIË

**12 Augustus**

Bid vir krag saam met Grace wat aanskou het hoe haar man, Joshua, wreed vermoor is omdat hy ŉ pastoor was.

**13 Augustus**

Bid saam met pastoor Elam, een van talle kerkleiers in Nigerië se Taraba-staat, wat deelneem aan leierskapsopleiding wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote gelei word. Dankie dat julle hierdie opleiding moontlik maak.

**14 Augustus**

Pastoor Elam vra Geopende Deure-ondersteuners om te bid: "Bid vir eenheid in die Kerk. Tradisionele oortuigings het ook baie probleme veroorsaak. Bid vir God se wysheid oor hoe om met ons kudde te praat."

**15 Augustus**

Pastoor Elam vra: "Bid dat God ons wysheid sal gee oor hoe om geloofwaardige leiers te word vir diegene wat ons lei en dien."

**16 Augustus**

Grace het danksy die ondersteuning van Geopende Deure-vennote traumasorg by ons Shalom-sentrum ontvang, waar sy vertroosting gevind het en die wil om haar man se moordenaars te vergewe. "Hier kon ek uiteindelik vrede maak," sê sy. Bid vir haar voortgesette genesing.

## FILIPPYNE

**17 Augustus**

Bid vir die negejarige Ehsan, wat Jesus vanuit Islam begin volg het. Hy ervaar intense druk by die skool weens sy geloof, aangesien hy weier om ŉ *kopiah* (Moslem-hoofbedekking) te dra. Hy is deur sy onderwyser gestraf en van die klas geïsoleer.

**18 Augustus**

Bid dat God Ehsan sal versterk om die afknouery en isolasie te weerstaan. "Ek voel hartseer en bang wanneer hulle vir my sê ek moet die kopiah dra. My vriende lag vir my wanneer

*ꞌn Jong seun in die Filippyne lees sy Bybel.*



hulle my na die agterkant van die klas skuif," sê hy.

**19 Augustus**

Vra God om Ehsan se geloof te versterk om standvastig in Christus te staan. Hy voel alleen in sy geloof, met min ondersteuning buiten sy biddende ouers. Bid dat God tasbare voorbeelde van Sy liefde en sorg sal openbaar.

**20 Augustus**

Bid dat God die harte van Ehsan se onderwysers en klasmaats sal versag en aan hom geleenthede sal gee om die liefde van Christus met hulle te deel.

**21 Augustus**

Ehsan weier weens sy liefde vir Jesus om inskiklik te wees. Bid vir Christene wat Jesus vanuit Islam begin volg het. Vra Hom om hulle te beskerm en te bemoedig wanneer hulle vir Hom opstaan.

## NICARAGUA

**22 Augustus**

Bid asseblief vir jou broers en susters in Nicaragua, waar 50 000 mans en vroue gevra is om by die land se veiligheidsmagte aan te sluit.

**23 Augustus**

Bid dat die Here die plaaslike Kerk sal help om sterk en beskermd te bly. Vra God om kwesbare gesinne en gemeenskappe te beskerm in die aangesig van toenemende onderdrukking.

**24 Augustus**

Bid vir wysheid en moed vir godsdienstige leiers om voort te gaan om God se volgelinge met geloof en hoop te lei. Bid dat die Here diegene in magsposisies se harte sal aanraak om tot bekering te kom en verandering in die land sal bring.

## SRI LANKA

**25 Augustus**

Bid vir vertroosting en traumasorg vir Sasha. Sy het wrede doodsdreigemente weens haar geloof verduur. Haar pa, ꞌn toegewyde Hindoe, het gedreig om petrol oor haar te gooi en haar lewend te verbrand.

**26 Augustus**

Bid dat die teenkanting vanaf Sasha se pa sal ophou, en dat

 **Name verander weens veiligheidsredes.*

*ŉ Christen-vrou in Sri Lanka.*



sy in vrede en sonder vrees kerk toe kan gaan en kan aanbid. Bid dat Sasha se pa ook die Here sal leer ken.

**27 Augustus**

Vra God om Sasha te versterk terwyl sy die Evangelie met vasberadenheid deel. Bid dat sy meer Goddelike ontmoetings met ander sal hê wat meer oor Christus se hoop moet hoor en die vrede wat net Hy gee, moet ervaar.

## PLAASLIKE VENNOTE VAN GEOPENDE DEURE

**28 Augustus**

Bid vir ons plaaslike vennote terwyl hulle sterk leiers kweek vir kerke met gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond, wat op hul beurt nuwe gelowiges dissipels sal maak.

**29 Augustus**

Sodra Geopende Deure-vennote in kontak kom met ŉ nuwe gelowige, probeer hulle om hom met ŉ plaaslike (ondergrondse) kerk te verbind. Dié werk is gewaagd. Bid vir leiding vir ons vennote.

**30 Augustus**

Ons personeel in die Midde-Ooste het jou gebede nodig. Wanneer hulle geheime gelowiges besoek, moet hulle dikwels na geïsoleerde en onveilige gebiede reis. Bid dat die Here vervolgers se oë sal "verblind".

**31 Augustus**

Bid vir uithouvermoë vir ons plaaslike vennote. Vra God om hulle te versterk wanneer hulle moeg en swak is. Bid veral vir goeie fisiese en emosionele gesondheid.

*Verteeenwoordigende foto's gebruik.*

Geopende Deure

Geopende Deure Suider-Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129